
# DIE WAPAD

SAWA OOS-KAAP



Heroncliff
**BOSKAMP**

Kamp Nuus
**SITRUSOEWER**

Van Stadens
**KERSKAMP**

JAARGANG 35 - 4DE UITGAWE - DESEMBER 2017

# INHOUDSOPGAWE


**02** Voorsitters Verslag
**03** Uit Die Woord
**04** Lief, Leed en Siek
**05** Van Stadens Kamp
**07** Heroncliff Kamp
**08** Senior Burger Kongres
Toergroep Willows
**09** Saamtrek
**10** Sitrusoewer Kamp
**13** Kerskamp
**14** Mangolds Pool Kamp
**15** Resep
Aankondigings /
**16** Voorraad
**17** Advertensies
**18** Iets vir die Jeug
**19** Senior Burger Blad
**20** Blokkiesraaisel
**22** SAWA Lede-Indeling
**23** SAWA Erekode
**24** Verjaarsdae
Jaar Program


## OP DIE VOORBLAD

Die son sak oor die Gamtoos Rivier.
Foto verskaf deur Esmerelde Bradley.




## Van Stadens

Ds. Frans Goosen van die Open Doors organisasie kom maak 'n draai by die Sawanante.




## Sitrusoewer

Fantasiese sonskyn naweek met hope visvang en watersport.




## Kerskamp

Kersvader kom kuier vir jonk en oud. 'n Kers film word vertoon en massa deelname in die Big Walk for Cancer wedloop.





## Mangolds Pool

Die laaste kamp vir 2017 langs die see.

# VOORSITTERS VERSLAG

*Tjaart Snyman*



KONGRES 2017

Die Kongres was hierdie jaar aangebied deur Gebied Goeie Hoop by Ou Skip Kampeerterrein by Melkbosstrand.

Tydens daardie geleentheid was SAWA Oos Kaap weer een van die streke wat toekennings ontvang het.

Sertifikaat van Verdienstelikheid vir Nuusbrief (Eervolle Vermelding)

Sertifikaat van Verdienstelikheid vir Streeksbydrae tot Webwerf (Eervolle Vermelding)

Dit was weereens 'n groot eer vir Oos-Kaap en ons wens Elzaan Le Roux hartlik geluk met hierdie twee toekennings wat aan haar toegeken is. Sy het dit verdien.

Tydens die Kongres is daar besluit dat, Ledegeld met R10.00 verhoog word en dat oorde se reëls gerespekteer moet word.

Daar is aanbeveel dat streke saam moet kamp.

Oos Kaap is die grootste streek.

Die Grondwet is gewysig sodat Dagbestuur mense kan Koöpteer om hulle te help.

Die Nasionale Kongres van 2018 sal deur die Dagbestuur gereël en hanteer word (kampkommandante). Voorlopig sal dit by Weesgerus oord in Nylstroom gehou word.

Aangesien 2019 'n belangrike mylpaal en feesjaar (50 Jaar) vir SAWA is, moet daar reeds nou begin word met beplanning. Voorlopig word die Nasionale Kongres beplan by Buffelspoort (Rustenburg) met streek Oos-Rand (stigters) as kampkommandante. Alle lede word uitgenooi om voorstelle te maak vir 'n paslike tema.

Stuur enige stories en inligting aan clarise.kruger@ms-it.co.za


www.facebook.com/groups/SAWAOK/

# UIT DIE WOORD

***Bob en Debby Gass***

## Klim uit jou gemaksone uit in 2018

Twee van ons grootste vrese is mislukking en kritiek. Hierdie vrese verdwyn nooit heeltemal nie. Jy kan hulle oorkom, maar hulle sal weer hul verskyning maak sodra jy voor jou volgende uitdaging te staan kom. Dis eers wanneer jy vrees as deel van die lewensreis aanvaar dat jy leer om dit te oorkom. As jy terugkyk na wat jy reeds oorkom het, sal jy besef dat mislukking die meeste van die tyd nie permanente skade doen nie – jy word inderwaarheid sterker. As jy dus vandag angstig is, sê God vir jou, 'Moenie bang wees nie, want Ek is by jou...' Vertrou dus op Hom! 'n Onbekende digter het geskryf: 'Ek het 'n gemaksone gehad waar ek geweet het dat ek nie kan misluk nie; dieselfde vier mure was meer soos 'n tronk. Ek wou so graag die dinge doen wat ek nooit vantevore gedoen het nie, maar het eerder in my gemaksone gebly. Ek het vir myself gesê dat dit nie saakmaak dat ek nie veel doen nie; ek het gesê dat ek nie oor dinge soos drome en doelwitte omgee nie. Ek het vir myself gesê dat ek vreeslik besig is met dinge in my sone, maar diep binne in my het ek na iets spesiaals van my eie verlang. Ek kon nie my lewe laat verbygaan deur net toe te kyk hoe ander mense wen nie; ek het my asem opgehou, uit my sone getree en die verandering laat begin. Ek het 'n tree geneem en met nuwe krag, wat ek nog nooit gevoel het nie, my gemaksone totsiens gesoen en toe die deur toegemaak en gesluit. As jy in 'n gemaksone is, bang om daaruit te klim, onthou dat alle wenners eens op 'n tyd met twyfel gevul was.'



# Lief, Leed & Siek

Ons Lede presteer gereeld in verskeie velde, terwyl ander deur moeilike tye gaan. Vind hier uit wie lief, leed of siekte het.

## LIEF



SAWA Oos-Kaap is teenwoordig by the Kongres in Melkbosstrand en Elzaan word vereer vir haar bydrae tot die wapad en webwerf.



Zelvone Swanepoel het trofee gekry by die Netbal Prysuitdeling.



JJ Swanepoel is D.P. se Graad 12 Dux Leerling.





Ruan Hall met sy aanneming en voorstelling.




Jan Hugo word vereer vir diens uitnemendheid .



Richard Heyman en Annamarie Swanepoel by die Transnet Prysuitdeling



## SIEK

- **Andrê Muller** het het vir 'n kaak operasie gegaan.
- **Tersia le Roux** het vir 'n rug operasie gegaan.
- Dit gaan goed met **Nelia Snyman**. Die gesin bly positief.

## LEED

- **Charmaine Barnard** se ma is oorlede.
- **Marie Weitz** se ma is oorlede.
- **Gertie Niemand** van Strelitzia is oorlede.
- **Adele Engelbrecht** se skoonpa is oorlede.

**LEEF EENVOUDIG. DROOM GROOT. WEES DANKBAAR.**

22 - 25 September 2017

# VAN STADENS









Sjoe. Met 'n volle 44 lede en 8 gaste het ons Vrydag, 22 September, by Van Stadens bymekaar gekom!

Ongelukkig moes ek, my ma en kinders maar die naweek manloos in die gesig staar as gevolg van Jacques se skouer operasie. Nou weet ek vrouens kan alles doen wat mans kan doen.

Regardt en Tarryn het by boekevat lede verwelkom met 'n pragtige magneet.

Met 'n warm gevoel en koue luggie het almal lekker vure opgesteek en gebraai.

Saterdag was die weer maar triestig en het almal bietjie binne gehou. Zelda Swanepoel het vir ons die aand boekevat gehou.

Sondagoggend het 'n hele paar van ons vroeg begin met die "breakfast" jaffels. Baie dankie aan Jacques, Zelda, Regardt, Tarryn, my ma en Elsabe wat my gehelp het om die verkope 'n reuse sukses te maak.

22 - 25 September 2017

# VAN STADENS















Die bedrag van R 1430.00 is ingesamel. Dankie ook aan elkeen wat vir ons skenkings gegee het. Sonder dit sou ons nie soveel geld kon bank nie.

Dankie aan Ds. Frans Goosen van die Open Doors organisasie vir die waarneem van die kerk diens. Dit is ons hoop dat daar sommer heelwat Sawanante betrokke sal raak by Open Doors.

Na die diens het almal heerlik gekuier en by die see rondgeloop. Baie lede het kans gesien vir die duine en trap bootjies.

Maandag oggend het die meeste maar begin oppak om darem Dinsdag betyds by die werk te wees.

Weereens baie dankie aan elke Sawanant vir die bydrae tot 'n heerlike naweek.

- Zeldri Strydom






Vrydag, 22 September vat ons en Rauti en Karen die pad na Patensie by ons Boskamp by Heroncliff. Die natuurskoon is pragtig en ons slaan ons tente naby die water op. Willie en Jackie Conradie daag vroegmiddag op en ons besluit om die area so bietjie te gaan verken. Ons ry na die winkeltjie "Ietsie vergeet" waar ons heerlike roomys en biltong vir spot goedkoop kry. Steven en Sandra Meyer arriveer vroeg die volgende oggend en ons maak 'n vinnige ontbyt voordat ons die Baviaanskloof aandurf. Ons gaan loer by Rooihoek waar die twee seuns die koue rivier aandurf. Ons vat weer die pad verder tot by Smithskraal, waar ons maar moet improviseer aangesien niks vir ete of drinke beplan was nie. Die manne prakseer vir hulle drinkglase uit coke en ice tea botteltjies en daar word geraap en skraap in almal se voertuie vir ietsie vir middagete. Daar word vinnig 'n vuurtjie aangesteek en worsies word gebraai en ons maak sommer vinnige worsbroodjies met gewone brood en kaassmeer en was dit nou vir jou 'n heerlike etetjie. Sondag gaan geniet ons middag ete by Padlangs en doen ook by Geelkrans aan om te kyk hoe hul kampplekke lyk. Daarna ry ons na die Kouga Dam wat maar slegs 14% vol is. Elke aand word daar heerlik om 'n groot kampvuur gesels en gekuier. Maandag moet almal maar traag oppak vir die kort wekie wat voorlê.





Baie dankie aan almal wat die boskamp so 'n heerlike ervaring gemaak het.

**- Sandra Fourie**



# SENIOR BURGER KONGRES TOERGROEP WILLOWS SAAMTREK

*29 - 31 September*

En daar verwelkom Willows die toergroep van die Noorde met sy hartlike groet naamlik, wind teen stormsterkte. Gelukkig het hulle veilig vanaf Addo gery tot by ons. Vier van Oos-Kaap se lede is net so braaf en durf die wind aan om die naweek saam met die toergroep te kuier.

Vrydagaand woon ons hulle Boekevat by en daarna kuier en gesels die heel dapperes so bietjie in die wind en ander hou maar aan die woonwaens vas om nie weg te waai nie.

Saterdag is egter 'n beter dag en hulle ry rond en besigtig die omgewing. Later sluit nog van Oos-Kaap se lede aan en Tjaart begin met sy beroemde pot. Gelukkig is die weer ons genadig en spoedig prut die vleis en groente. Die aand woon ons weer hulle Boekevat by en almal geniet die heerlike gesels in die kring.







En toe word daar geëet. Heerlik word daar gesmul aan potjie en die ete word afgesluit met koek. En toe is dit tyd om die sterretjies in die woonwaens te gaan tel.

Sondag is die woonwaens gou in 'n ry en nadat die Vader se genade oor die pad aangevra is, vertrek hulle na hulle volgende bestemming.

Ag, ja. Wat 'n voorreg om hulle so te sien vertrek en te wens ek was deel van hulle.....

Later pak ons ook maar op en vertrek huis toe. Groot dankie aan elkeen van streek Oos-Kaap wat deel was die naweek asook die besoekers.

- Jakkie Barnardo

# SITRUSOEWER

*20 - 22 Oktober 2017*

Ons datum het so bietjie aangeskuif en ons besoek die pragtige oord in bietjie warmder weer. En was die weer ons nie genadig nie. Ons kon heerlik in die sonskyn buite kuier.

Vrydag daag daar 25 gesinne op en spoedig is die visstokke in die water. Die ander kuier en geniet mekaar se geselskap.

Die aand hou ek Boekevat en inbetalings word afgehandel.

Gou-gou brand die vure hoog.

Ongelukkig val Jana op 'n klip en moet by die hospitaal gaan vir steke. Tog geniet die ander die voorreg om buite te kan kuier.

Saterdag is weereens 'n lieflike dag. Sommiges besoek die rose skou by Addo en ander kuier sommer net lui-lui iewers rond.









Die pannekoekpanne begin sing op die stofies en almal kan heerlik smul. Baie dankie vir al die ondersteuning. Dit word opreg waardeer.

Later word die rugby kanale ingestel en spoedig word daar luidkeels geskreeu.

Boekevat word deur Lindie gehou en daarna is dit terug rugby toe en ander kuier om die vuur.

Sondag gaan neem 'n groepie eers deel aan die hardlopery.

Daarna vul Ds. Rudi ons gees weer uit die Woord uit.

Ag en toe moet ons maar stadigaan begin op pak. Die dag is natuurlik wonderlik en baie geniet eers die modderwater so van die loopplank af.

Sitrusoewer is werklik een van die oorde waar daar elke jaar iets nuuts is. Dit is 'n voorreg om die pragtige oord te kan besoek.

- Jakkie Barnardo














# KERSKAMP VAN STADENS

*3 - 5 November*

Die naweek van 3-5 November was dit weer tyd vir ons jaarlikse kerskamp.

Van die lede is reeds Donderdag na Van stadens, aangesien dit ook 'n senior burger kamp was. Die res van die lede het so deur die loop van die dag Vrydag aangesluit.

Die wind het ook natuurlik sy opwagting gemaak terwyl die SAWA tent opgeslaan word.

Ek en Stefani Lambrechts het Vrydagaand boekevat gedoen; waarna daar heerlik gekuier en gebraai is.

**Christmas**

Saterdagoggend het van die lede reeds vroeg vertrek na die Boardwalk in Port Elizabeth om aan die jaarlikse Big Walk for Cancer deel te neem. Dit was soos altyd ‘n groot sukses met meer as 11 000 deelnemers.

Die ander lede was rustig by die kamp en het elkeen hul eie ding gedoen. Esmerelda Bradley het van die kindertjies se gesiggies geverf, waarna Ilani Lambrechts die hele kamp genooi het om hul gesigte te kom verf. Die gesig verwery het toe nie net by die kinders gebly nie en daar was ‘n hele paar volwasse “super heroes”.





Om half drie het die kinders met hul kussings en komberse by die SAWA tent bymekaar gekom. Hul ingangsfooi was ’n blikkie/sak honde/kat kos. Daar is ‘n kersfliek, The Polar Express,  vertoon. Daar was ook lekkergoedpakkies, springmielies, skyfies, koeldrank en pragtigte, versierde kersklappers aan die kinders uitgedeel. Oud en jonk het dit sommer baie geniet.

Om vyf uur was dit boekevat wat behartig is deur Doré & Eben Weitz en Tiaart Fourie.

Die senior burgers se geskenke is uitgedeel. Baie dankie aan Charlotte Bekker vir die skenk van die koekies.



Daarna het kersvader sy opwagting gemaak terwyl sy takbokke op ‘n aangrensende plaas gewei het. Daar is geskenke uitgedeel en fotos geneem en ieder en elk het dit sommer baie geniet. Kersvader het nog ‘n rukkie vertoef en met Josh Bradley “gebond” deur saam met hom op die gras rond te rol.

Baie dankie aan ons gas, Tinus Bower, wat kersvader was. Jy het jou uitstekend van jou taak gekwyt. Daar is weer lekker gebraai en gekuier.

Sondagoggend was dit om nege uur die Kersdiens. Almal was versoek om rooi aan te trek vir die kersfees gees. Die diens is behartig deur Ischke Lambrechts & Beneta Weitz. Elize Engelbrecht het ons sang begelei met die viool.



Oom Tjaart het vir ons kom kuier en het die plaatjies uitgedeel. Dit was soos volg toegeken:

Theo & Elize Engelbrecht: 10 streek
Richard & Poppie Heyman: 330 streek
Jan & Tanyia Hugo: 110 streek

Baie geluk aan hulle. Ek wil net graag baie dankie sê aan almal wat donasies gegee het vir die kerskamp (julle weet wie julle is) en die SPCA. Baie dankie aan al die kinders wat bereid was om te help met boekevat. Dit vat baie "guts" om voor 'n klomp mense te praat. Baie dankie aan Elize wat ons begelei het met die viool en aan tannie Poppie wat die tent vir ons uitgesleep het. Baie dankie ook aan almal wat die tent help op- en afslaan het. Baie dankie aan Johan en Sandra Fourie vir die klank en skerm vir die projektor.

Dankie aan Frans Labuschagne vir die leen van die projektor en ook aan Steve Lambrechts vir al die toerusting wat hy vervoer het. Die bus het amper uit sy nate gebars. Laastens, vir my kampkommandante, De Wet & Yolandi Fourie en Craig & Esmerelda Bradley, baie dankie vir al jul hulp.

Die vrugtekoek lootjie is getrek en Inke Kaltenbrunn was die gelukkige wenner. Baie dankie aan Stienie Grobler vir die bak en skenk van die vrugtekoek. Na die kerkdiens is daar koffie/tee gedrink en 'n ietsie geëet.

Dit was 'n pragtige dag en van die lede het nog die see/lagoon geniet en ander het maar opgepak om huiswaarts te keer.



**Inke Kaltenbrunn het die Kerskoek gewen.**

Liana Labuschagne het die honde/kat kos en die kontantdonasies by die SPCA gaan afgee. Dit maak mens se hart sommer bly om te weet dat mens op daai manier ook 'n verskil in 'n dier se lewe kan maak.

Veilig sleep tot volgende keer.

- Ischke Lambrechts









# MANGOLDS POOL

*1 - 3 Desember*

Die naweek van 1 - 3 Desember was dit alweer tyd om die jaar af te sluit by Mangolds Pool.

Die Lede het stuk stuk Vrydag deur die dag by die kampgronde aangemeld en het rustig verkeer die aand nadat Boekevat en inbetaling afgehandel was.

Saterdag deur die dag het lede die eerste Somer son geniet deur tyd in the buitelig deur te bring.

Saterdag aand het almal 'n heerlike gesamentlike braai geniet en gesels tot die kole uitgebrand het.

Sondag oggend het Ds. Rudi van Tonder die kerk diens gehou. Lede het weer rustig verkeer en daarna almal veillig huiswaarts gesleep.



# Sjokolade Poeding in Swartpot

## BESTANDELE

Poeding:

- 50 g Botter
- 200 ml Strooisuiker
- 1 Eier
- 250 ml Koekmeelblom
- 25 ml Kakao
- 15 ml Bakpoeier
- 1 Knippie sout
- 175 ml Melk

Sous:

- 200 ml Water
- 250 ml Bruinsuiker
- 25 ml Kakao
- 2 ml Vanielje-ekstrak



## METODE

1. Meng die botter en die strooisuiker, voeg die eier by en klits dit tot dit glad en romerig is.

2. Sif die meel, kakao, bakpoeier en sout saam. Roer melk by die bottermengsel in en meng dit dan deeglik met die droë bestanddele om klonte te voorkom.

3. Meng die water, bruinsuiker, kakao en Vanielje-ekstrak vir die sous en kook dit in jou swartpot.

4. Gooi die deeg in die sous en plaas die pot vir 45-50 minute oor 'n lae hitte met die deksel op tot dit gaar is.

## WENKE

Pas op vir te veel kole onder die pot inkrap, die poeding gaan brand.

Moet ook nie die deksel binne die eerste kwartier oplig nie.

Skep die porsies sommer net so uit die swartpot en bedien dit warm met 'n skeppie vla of roomys.

Jy kan ook 'n handvol gekapte neute byvoeg as jy so voel.

# AANKONDIGINGS

## 2018 Kalender

Die elektroniese weergawe is beskikbaar op die Oos-Kaap SAWA Facebook blad sowel as op www.sawa.org.za. Kontak Liana Labuschagne per whatsapp 072 873 3900 vir 'n harde kopie van die kalender.

**Boekevat:**
Dit is vir baie van ons lede moeilik om betyds te kom vir boekevat om 6 uur op 'n Vrydag aand. Boekevat sal dus op 'n Vrydag aand om 6:30 plaasvind om almal 'n kans te gee om by te woon. Boekevat vir die res van die aande sal steeds om 6 uur plaasvind.

Boekevat en die Erediens is verpligtend en Lede word versoek om die geleenthede asseblief by te woon waar moontlik.

**Bedryfsfonds betalings:**
Dit sal waardeer word as bydryfsfonds fooie vir die jaar by kampleiers inbetaal kan word in plaas van in Oos-Kaap se rekening as gevolg van die bankkostes wat baie hoog beloop vir kontant depositos.

## VOORRAAD

Die volgende SAWA Oos-Kaap voorraad is beskikbaar:

- Sakwapens R25
- SAWA Groot R30
- Snor Oos-Kaap R30
- Hoede R70
- Pette R50
- Peaks R50
- Sangbundels R30
- GR Sangbundels R60
- Plastiek Oortreksel R5
- Tafeldoek R130
- Wiele R30




Kontak asseblief Richard Heyman vir navrae of om bestellings te plaas:
**Epos:** richardheyman211@gmail.com of
**Telefonies:** 084 588 6278.

# ADVERTENSIES

## Adverteer jou Kamptoerusting

Daar is baie van ons lede wat met ekstra kamp toerusting opgeskeep sit of dalk iets soos 'n "add-a-room"nodig het.
Kontak asb. vir Clarise Steenkamp per epos clarise.kruger@ms-it.co.za of per whatsapp 083 5000 903 om jul advertensies in die Wapad en op Facebook te plaas.



Kampuitrusting te koop:

Trapezium sleep stang R350
2 seil stoele R100
4 plastiek stoel kussings R50
v/staal potjie stofie R200
v/staal brood oondjie + pan R250
2 grond seile 3x3 R300 elk
2 Kamp lampe R200
Geel plastiek karavann leveler R100
Karavaan stryk plank R75

Dankie
Oom Wouter Steenkamp
0721930744 041/3653014

**JACQUES SWANEPOEL**
**IS OPSOEK NA 3M X 3M "CANVAS" TENT.**

# JEUG BLAD

## K is vir Kamp






## VERJAARSDAE

### Januarie

**17** Bianca Kaltenbrunn
**29** Lize Strydom

### Februarie

**03** Anton Claasen
**13** Christoff Fourie


# SENIOR BURGER BLAD





## VAN STADENS : 2 – 5 November 2017





Die Senior Saamtrek het Donderdag begin.




Donderdag-middag is daar weer die gebruiklike tee gehou en die aand is die seniors bederf met heerlike lasagne, slaai en kaaskoek en is daar heerlik saamgekuier, nadat daar natuurlik eers Boekevat gehou is.



Saterdag tydens die Kersboom het die Seniors ook elkeen 'n klein geskenkie gekry.




| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | | | | | 3 | 12 |
| 3 | | 1 | | | | 12 | 10 | 6 | | | |
| | | 2 | 12 | 4 | 3 | | | | | 7 | |
| | 10 | | 8 | 12 | | | | 7 | | 6 | |
| | 7 | 5 | | | 2 | | 3 | | | 4 | |
| | | | 9 | | | | 7 | 11 | 3 | | 10 |
| 5 | | 9 | 11 | 7 | | | | 2 | | | |
| | 6 | | | 2 | | 1 | | | 5 | 12 | |
| | 12 | | 2 | | | | 4 | 8 | | 11 | |
| | 2 | | | | | 7 | 8 | 3 | 11 | | |
| | | | 3 | 9 | 12 | | | | 4 | | 2 |
| 10 | 4 | | | | | 3 | | | | | |




Stuur asseblief enige stories in oor van julle eerste kampe, kampe deur die jare wat uitgestaan het of "op ons dag" stories aan clarise.kruger@ms-it.co.za sodat dit hier geplaas kan word.

# BLOKKIESRAAISEL






**DWARS**

7 SA vakbond, met Vavi en Madisha aan die stuur (6)
8 Besonder mooi jong man (6)
9 Dame __ Everage, Australië se eie Evita Bezuidenhout (4)
10 Gewoontes of maniere van doen (8)
11 Uitgawes (7)
13 Suur vloeistof (4)
15 Bepaalde tendens vertoon (4)
16 Mans wat gehuur kan word om vroue te begelei (7)
18 Een van die heel bekendste en oudste beursindekse ter wêreld (3,5)
19 Sidder (4)
21 Giftige slange (6)
22/1 Jimmy Carter se voorganger, wat pas oorlede is (6,4)

**AF**

1 Kyk na 22 Dwars
2 Ons laaste seremoniële president, wat vandeesmaand begrawe is (6,7)
3 Ampspligte waarneem (7)
4 Fles met mandjiewerk (5)
5 Naspersman wat in Koos Bekker se plek gaan waarneem (5,8)
6 Korting vir betaling voor die vervaldag (8)
12 Omstrede skrywer en pro-Afrikaanse konserwatis van Praag (3,5)
14 Venynige (7)
17 Die grootste univ. in ons land (5)
20 Driemaatdans (4)




Stuur asseblief enige voorstelle/vrae/raaisels vir die volgende blokkieraaisel aan clarise.kruger@ms-it.co.za sodat dit in die volgende Wapad geplaas kan word.

# LEDE INDELING



**Tjaart Snyman**
Sel: 084 580 5818
Epos: tjaarts@webmail.co.za

Lede:
- André & Jennifer Barnard
- Louis & Rene Botha
- Kallie & Denise Kaltenbrunn
- Shaun & Madelyne Victor
- Bossie & Ronnie Boshoff
- Tobie & Judie Botha
- Gerrie & Vanessa Rens
- Grant & Sonette Willet



**Jakkie Barnardo**
Sel: 083 417 3812
Epos: jakkiebarnardo@telkomsa.net

Lede:
- Mario & Clarise Steenkamp
- Barend & Lenie Swanepoel
- André & Rika Muller
- Eben & Maryka Weitz
- Ben & Marie Weitz
- Ettienne & Marohessa Du Preez
- Tommy & Rene Hall
- Paul & Lindie Stander
- Mario & Vicky Weitz



**Liana Labuschagne**
Sel: 072 873 3900
Epos: labuschagne46@telkomsa.net

Lede:
- Jacques & Patrys Anker
- Kenneth & Lizelle Bothma
- Johan & Ronel Gouws
- Anton & Theresa Willemse
- Craig & Esmerelda Bradley
- Gato & Estelle Ferreira
- Johan & Wanda van Vuuren
- Andre & Samantha Ankiewicz



**Ischké Lambrechts**
Sel: 072 800 8723
Epos: ischke@yahoo.com

Lede:
- Theo & Moniques Buchner
- Louis & Annemarie Swanepoel
- Sybrand & Anna Strydom
- Jan & Tanyia Hugo
- De Wet & Yolandi Fourie
- Andries & Elaine Hanekom
- Gerrie & Marinda Roesstorf



**Richard Heyman**
Sel: 084 588 6278
Epos: richardheyman211@gmail.com

Lede:
- Werner & Charmaine Barnard
- Paul & Juanita Van Aardt
- Anton & Karin Knoetze
- Elsabe Pattinson
- Casper & Philna Jerling
- Martin Botha
- Charl & Lynette Potgieter
- Mario & Michelle van der Westhuizen



**Sandra Fourie**

**Sel:** 081 533 1883

**Epos:** sandrafourie@telkomsa.net

**Lede:**

- Cecile Meyer
- Wouter & Alna Steenkamp
- Johan & Gesina Vermaak
- André Venter
- Willie & Jackie Conradie
- Stienie Grobler
- Elria Stanford
- Pieter & Bettie Venter
- Susan Smith
- Andy Wait
- Markus & Riana Pottas



**Zeldri Strydom**

Sel: 082 920 4090

**Epos:** zstrydom@justice.gov.za

**Lede:**

- Jason & Charlotte Bekker
- Werner & Chantel Koen
- Steven & Sandra Meyer
- Jaco & Elsabe le Roux
- Adele Engelbrecht
- Johan & Karen Rautenbach
- Jacques & Zelda Swanepoel
- Regardt & Tarryn Momberg



**Tersia le Roux**

**Sel:** 084 654 2010

**Epos:** leroux.tersia@gmail.com

**Lede:**

- Johan & Alida Steynberg
- Eric & Wilna Noack
- Stan & Marguerite Vermeulen
- Japie & Corné Snyman
- Anton & Dina Claasen
- Elmar & Elsabe Steyn
- Duppie & Emsé du Plessis



**Ds Rudi van Tonder**

**Sel:**083 255 2535

**Epos:** dsrudivt@gmail.com

**Lede:**

- Theo & Elize Engelbrecht
- Gerhard & Leonora Moggee
- Anton & Rozelle von Mollendorf
- Johan & Kobie Rossouw
- Peter & Leonie van Rensburg
- Theo & Mariana Pozyn
- Terray & Raymond Newcombe
- Hannes de Beer

# SAWA STREEF DAARNA

Vir Afrikaans-georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

Vir kampeerders die geleenthede te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as mootlik te kampeer.

Die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.

Die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

In alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.

SAWA onderskryf die volgende waardes:
Christenskap
Lojaliteit
Respek
Integriteit
Eerlikheid
Diensbaarheid
Verdraagsaamheid

**Uit die SAWA Webblad**

# Verjaarsdae

## JANUARIE & FEBRUARIE

### Januarie

**02** Theo Büchner
**03** André Barnard
**03** Pierre Stander
**04** Natasja van Tonder
**05** Wilma Stander
**07** Andre Ankiewicz
**17** Denise Kaltenbrunn
**20** Cynthia Didloff
**20** Johan Fourie
**20** Zelda Swanepoel
**22** Rene Botha
**22** Johan Gouws
**22** Marie Weitz
**26** Leoni van Rensburg
**27** Elmarie Fouché
**27** Japie Snyman
**28** Susan Smith
**29** Juanita van Aardt

### Februarie

**02** Barend Swanepoel
**02** Vicky Weitz
**03** Wanda van Vuuren
**05** Yvonne Bower
**07** Terray Newcombe
**07** Ronnie Boshoff
**07** André Jonker
**11** Piet Kapp
**12** Monique Büchner
**19** Chantel Koen
**20** Gato Ferreira
**22** Sandra Fourie
**22** Tjaart Snyman
**26** Charlotte Bekker
**26** Tersia le Roux
**26** Ben Weitz
**27** Mario Weitz
**28** Maria Kapp



# SAWA Oos-Kaap

## Saamtrekke 2017/2018

| MAAND | DATUM | KAMP | OORD | 100% | KAMPL. |
|---|---|---|---|---|---|
| *Aug. 2017* | 4 – 6 | Streek | Gamtoos/AJV | 1 | Bestuur |
| *Sept. 2017* | 2 – 4 | Bestuur | River Reeds | | Tjaart |
| *Sept. 2017* | 22 – 25 | Streek | Van Stadens | 2 | Zeldri |
| *Okt. 2017* | 20 – 22 | Streek | Sitrusoewer | 3 | Jakkie |
| *Nov. 2017* | 3 – 5 | SB/Streek | (Kers) Van Stadens | 4 | Ischké |
| *Des. 2017* | 1 – 3 | Algemeen | Mangolds Pool | | Liana |
| *Jan. 2018* | 8 – 14 | Streek | Summerwood | 5 | Ischké |
| *Febr. 2018* | 9 – 11 | | NUB | | |
| *Febr. 2018* | 16 – 18 | SB/Streek | Willows/Boskamp | 6 | Tjaart/Sandra |
| *Mrt. 2018* | 2 –4 | 100+ | Gamtoos | | Oos Kaap |
| *Mrt .2018* | 16 – 18 | Streek | Van Stadens | 7 | Tersia |
| *Mrt. 2018* | 30 Maart – 2 April | Algemeen | Paas Naweek (Binneland) | | Presidente - Richard |
| *Apr. 2018* | 27 April – 1 Mei | Gebied | Keurbooms | | Gebied |
| *Mei 2018* | 11 – 12 | | NUB | | |
| *Mei 2018* | 18 – 20 | Streek | Jeffreys Baai | 8 | Liana |
| *Jun. 2018* | 15 – 17 | Streek | Nieshoutkloof | 9 | Jakkie/ Tjaart |
| *Jul. 2018* | 30 JUN-7JUL | Geheim | Wintertoer | | Tjaart |
| *Julie 2018* | 13 – 15 | Streek | Willows | | Ds Rudi |
| *Aug. 2018* | 9 – 12 | SB/Streek | Sitrusoewer/AJV | | Bestuur |
| *Sept. 2018* | 7 – 9 | Bestuur | River reeds | | Tjaart |
| *Sept. 2018* | 14 – 15 | | Nasionaal | | |
| *Sept. 2018* | 21 – 24 | Streek | Cannon Rocks | | |
| *Okt. 2018* | 12 – 13 | | Kongres | | |
| *Okt. 2018* | 19 – 21 | Streek | Willows/Boskamp | | |
| *Nov. 2018* | 16 – 18 | SB/Streek | (Kerskamp) Van Stadens | | |
| *Nov. 2018* | 9 – 11 | | NUB | | |
| *Nov/Des. 2018* | 30-2 | Gewone | Mangolds Pool | | Liana |

**SAWA OOSKAAP VOORGESTELDE KAMPE VIR 2017/2018**